

Maandag 15 Februarie

Skrifgedeelte: Johannes 6:60-71; HK Sondag 7, Vraag 20

Fokusgedeelte: Johannes 6:65

Die uitverkiesing as werk van God

Dit is belangrik om in Antwoord 20 te let op die passiewe vorm van die werkwoord: "... in Hom (Christus) *ingelyf word*." Die mens kan homself nie deur die geloof aan Christus verbind en in Hom inlyf nie. Net die almagtige God kan mense uit genade deur die geloof in die liggam van Christus inlyf. Dit is ook wat Christus bedoel as Hy sê dat niemand na Hom toe kan kom "*as die Vader dit nie aan hom gegee het nie*" (Joh. 6:65), en die Vader gee dit slegs aan sy uitverkorenes (Rom. 8:29, 30).

Dat die uitverkiesing van begin tot end 'n werk van God is, blyk ook daaruit dat dit plaasgevind het voordat die wêreld geskep is, toe daar nog geen mense was nie (Ef. 1:4, 5). God wat sy kinders van ewigheid af uitverkies het, bring hulle in die loop van die tyd hier op aarde tot geloof in Christus sodat hulle gered kan word.

Waarom is die uitverkiesing as werk van God noodsaaklik om gered te word? Die antwoord is: omdat die mens eenvoudig nie homself kan red nie. Hy is van nature geestelik dood as gevolg van sy sonde en misdade (Ef. 2:1; Kol. 2:13). Hy is innerlik verdorwe, afkerig van Christus en geneig om God en sy naaste te haat. Dit toon Paulus baie duidelik as hy Psalm 14 en Psalm 53 in Romeine 3:12-18 aanhaal. En geen mens van wie dit gesê word, kan uit homself na God toe gaan en Christus deur die geloof as Verlosser aanneem nie. God alleen kan deur sy Gees in die verdorwe hart van die mens indring en dit so verander dat hy nie meer die wil van Satan doen nie, maar die wil van God.

As God dit doen, vind daar in werklikheid 'n wonder plaas, en die wonder is so groot dat dit "*nie minder of geringer as die skepping of as die opwekking van die dooies is nie*" (DL 3/4:12).

As God hierdie groot verandering in ons laat plaasvind, maak Hy ons verder ook gewillig en bekwaam om sy wil te doen (Fil. 2:13) sodat almal kan sien dat ons ware uitverkore kinders van God is (Joh. 15:5). God wat ons uitverkies het, gee ook aan ons die geloof in Hom. Paulus sê dit uitdruklik in Efesiërs 2:8: "*Julle is inderdaad uit genade gered deur die geloof. Hierdie redding kom nie uit julleself nie; dit is 'n gawe van God.*" Daarom moet ons met ons hele lewe aan God al die eer gee omdat Hy ons in Christus tot die ewige lewe uitverkies het (Rom. 11:36). God doen dit alles, daarom weet ons dat ons ewige saligheid vas en seker is, omdat niks en niemand ons ooit uit sy hand kan of sal ruk nie (Joh. 10:28, 29). Niks kan ons skei van die liefde van God wat daar in Christus Jesus ons Here is nie (Rom. 8:38, 39).

Dit is die troos van die uitverkiesing waaraan ons in ons grootste beproewings en selfs by ons dood moet vashou.